Helderberg Familieskuiling

11 Augustus 2023



Die reaksie op ons versoek vir baba- en kinderklere was oorweldigend! Namens die **Familieskuiling** sê ons baie, baie dankie aan ons Omgee-gemeente vir elke item wat by die kerkkantoor afgegee is. Daar was ook 'n groot voorraad pragtige musse, bedsokkies en serpe. Van hierdie items kon ons met liefde van ons Omgee-gemeente aan **Helderberg Seniorsorg** skenk vir uitdeel by Esperanza en ons kon ook vir ons hawelose vriende by ***Thomas House of Hope*** elkeen n warm mus skenk. Soos altyd was die gemeente se harte oop om te reageer op die nood en armoede op ons voorstoep! Ons sê ook: "***You are amazing!"***

Onder die items was daar n yskas! Baie dankie aan die betrokke gemeentelid vir hierdie groot donasie. Die tydsberekening was perfek! Ek deel graag die boodskap wat ek van die ***Familieskuiling*** ontvang het: "*Thank you so much for all of your efforts. We appreciate Moedergemeente's support and really need it. The fridge has been set aside as a blessing to one of our families moving out in the near future".*

Die doelwit van die ***Familieskuiling*** bly steeds om deur middel van persoonlike ontwikkelingsprogramme gesinne te bemagtig om selfonderhoudend te word en met vertroue in die samelewing te funksioneer.

Daar is steeds 'n groot behoefte vir enige basiese toiletware, babaprodukte vir gebruik in die dagsorg afdeling, skoonmaakmiddels, skryfbehoeftes, speelgoed, baba- en kinderklere. Baie dankie dat ons die vrymoedigheid kan neem om ons gemeente met hierdie versoek te nader. Baie dankie aan die gemeentelid wat reeds ongeveer 20 koekies seep geskenk het.

Navrae:
Annemarié Hollenbach 082 784 884

Ons Omgeebydraes (4 Augustus 2023)

Die Omgeegemeente het dadelik gereageer op die oproep vir bydraes, wat ingesluit het:
'n sak vol baba-klere, toiletware en klere vir kinders en volwasse mans.

Die foto toon vir Chris Hollenbach wat die bydraes by die kerkkantoor kom oplaai het.

Terselfdertyd is 'n sak vol mussies ontvang.
Hierdie mussies word gebrei deur 'n dame wat behandeling ontvang vir 'n ernstige mediese toestand, maar steeds 'n verskil maak in ander mense se lewens.

Oorspronklike oproep (23 Julie 2023)

Baie dankie aan ons gemeentelede wat met soveel sorg en liefde die mooiste truitjies en mussies gebrei het en ons daardeur in staat gestel het om Jesus se hande en voete in n stukkende wêreld te wees en ons Omgee-gemeente se liefde en betrokkenheid in ons gemeenskap op so ‘n besondere wyse oor te dra!

Die Familieskuiling is ‘n uitvloeisel van die Helderberg Nagskuiling wat deel vorm van die Helderberg Uitreik se Hawelose Projek en is “gebore” tydens die Covid 2019 pandemie toe talle families hulself op die straat bevind het. ‘n Fasiliteit is in ‘n ongebruikte skool in Kerkstraat geskep om families te akkommodeer wat om verskeie redes sonder ‘n heenkome gesit het en bied tans ‘n veilige hawe vir families wat haweloosheid in die gesig gestaar het. Hulle word voorsien van maaltye, berading, die ontwikkeling van vaardighede, hulp met indiensneming, onderwys en talle ander geleenthede.

Die Helderberg Nagskuiling se Familieskuiling is huidiglik die enigste skuiling in die Wes-Kaap en moontlik in Suid-Afrika wat spesifiek tot stand gekom het om familie eenhede te skep vir gesinne wat haweloosheid in die gesig staar. Daar is 23 families wat geakkommodeer word en dié fasiliteit is tans vol. Dit is ‘n wonderlike inisiatief wat uitstekend en met groot sukses deur die Helderberg Nagskuiling bedryf word. Die nood is egter groot en hulle is afhanklik van hulp en donasies van die gemeenskap.

Daar is ongeveer 20 kleuters tussen 6 maande en 4 jaar in die dagsorgsentrum en ongeveer 60 kinders tussen die ouderdom van 5 en 16 jaar wat by die Familieskuiling by hul gesinne bly en by plaaslike skole ingeskakel is. Daar is ‘n groot behoefte aan **klere vir hierdie kinders, skryfbehoeftes, speelgoed asook enige baba benodigdhede soos stootwaentjies, matrassies, “camp cots” ens**. vir gebruik in die dagsorgsentrum. Ons wil nie voorskryf nie, maar die grootste behoefte is tans **warm kinderklere, truie, musse en serpe vir kinders 4-6 jaar en 7-16 jaar. Daar is wol by die kerkkantoor beskibaar. Kom kry gerus!**

Fase 1 van die Familieskuiling se beplanning is dat families vir ‘n tydperk van 6 tot 12 maande geakkommodeer word. Fase 2 word reeds beplan om families in ruimer eenhede vir langer tydperke te akkommodeer om hulle met hulp en leiding voor te berei om suksesvol in die breër gemeenskap herintegreer te word. Drie van hierdie eenhede is reeds opgerig en soos fondse beskikbaar raak, sal uitbreiding geskied.

Navrae: Chris en Annemarie Hollenbach (082 784 8841)